Tema: Christus het jou as goeie saad in die wêreld gesaai, laat sy koningskap oor jou lewe duidelik sigbaar word te midde van ongelowige mense.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 190: 1, 2, 3
Lied 197: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 93-2: 1, 2, 4 (mel Lied 582)
Votum
Seën
Loflied Ps. 48-1: 1, 4
Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op die Tweede gebod; HK Sondag 35
Sing Ps. 99-2: 1, 2, 4
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Matteus 13: 24 - 30 en 36 - 43:
Teksverse: Matteus 3: 37 - 38;
Sing staande Ps. 47-1: 1, 3, 4 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Sb 10-1: 1, 2 (Tweede mel van Ps. 50)
Liefdegawe
Gebed
Sing Sb 1-2: 1, 2
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

As ek vanmore se boodskap sou begin met die woorde: “Geliefde burgers van die koninkryk” dan klink dit amper soos ’n politieke toespraak, nie waar nie? Want wanneer ons die woorde “burgers” en “koninkryk” hoor, dan dink ons gewoonlik aan ’n land met sy afgebakende grense en die landsburgers wat in daardie land woon.

Wys skyfie 1
Ons dink bv. aan ons eie land, Suid-Afrika, met sy grense, ons president en elke landsburger wat ’n identiteitsdokument kry as bewys dat jy ’n wettige burger van die land is.
Maar hierdie prentjie is glad nie die prentjie waaraan ons moet dink wanneer God vir ons sê dat ons burgers van sy koninkryk is nie.

Waarvan praat Jesus dan in ons teksverse as Hy praat van die koninkryk van die hemel of die koninkryk van God?

Kom ons kyk in die eerste plek wat die koninkryk van God is en wat dit in hierdie konteks beteken en tweedens hoe Christus ons in sy koninkryk wil gebruik.

Die begrip “koninkryk van God’ was baie bekend aan die Jode in Jesus se tyd. Hierdie begrip is gebou op die sentrale openbaring van God in die Ou Testament naamlik, dat God Koning van die wêreld is en oor alles en almal regeer en dat God in besonder Koning van Israel is. Baie van die Jode het dan ook die verwagting en hoop gehad dat God die fisiese land Israel weer as eie koninkryk sou herstel. Om hierdie rede kon Johannes die Doper en Jesus dadelik oor die koninkryk van God begin preek omdat die mense geweet het wat dit beteken. Dit gaan oor God wat Koning is en oor alles en almal regeer.

Johannes het sy prediking begin en gesê dat die koninkryk van God “naby” gekom het en daarmee het Hy na Jesus se koms verwys. Met Jesus se geboorte word gesê dat Hy op die troon van Dawid sal sit – Hy sal dus ’n koning wees. In Matteus 12:28 sê Jesus dan self: [28]“Aangesien Ek deur die Gees van God die bose geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom.”

Christus kom met goddelike en koninklike gesag om God se regering oor die wêreld finaal te bevestig en so God se koninkryk te vestig.

Ons kan God se regering grafies so voorstel – wys skyfie 2:
God regeer deur Christus oor die ganse skepping – geen grense. Christus is die sentrum van die koninkryk van God. Hy is regeer oor die kerk, oor gelowiges in die wêreld, oor ongelowige – of hulle Hom erken of nie!

Brs en srs, wanneer Christus in vers 37 na Homself verwys as die “Seun van die mens” dan bevestig Hy hierdie waarheid. Jesus gebruik hier nog ’n bekende term uit die Ou Testament - uit die boek Daniel - wat verwys na die profesie ’n man wat die koningskap sal ontvang en vir ewig regeer – en dit is Hy!

Geliefdes, kinders, die koninkryk van God beteken dus eerstens dat Christus die Koning van die wêreld is en dat Hy oor alles en almal regeer!

Die koninkryk van God beteken in die tweede plek dat Christus het ook gekom om mense onder die regering van God te bring! Anders gestel: om mense burgers van sy koninkryk te maak! Hy is die een van goeie saad saai! Hierdie "goeie saad" waarvan Christus in ons teks praat is nie soos in die gelykenis van die saaier : die woord van God nie! Dit is gelowiges. Christus saai gelowiges in sy koninkryk!

Elkeen wat in Christus glo en Hom volg, is 'n burger van God se koninkryk. Ons lees in Kolossense 1: 13 "God het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet."

Hoe het God dit gedoen? Deur Christus te stuur om vir altyd en ewig die opponerende mag van die Satan te breek! Dis die onderliggende boodskap van Jesus se gelykenis: Satan wil God se heerskappy omverwerp! Hy is die vyand in Jesus se gelykenis wat in die nag kom om sy slegte saad te saai. Satan het dit reg van die begin van die skepping probeer doen en na die sondeval saai Satan ook saad! Hy saai slegte saad, die onkruid – die bose en ongelowige mense wat God en die "goeie saad" – die gelowiges – teenstaan.

Die woord "saad" wat Jesus hier gebruik verwys direk terug na Genesis 3 : 15 waar ons lees: "[15]En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt". Dwarsdeur die Ou Testament sien ons hierdie twee lyne: die saad wat God saai en die saad wat Satan saai!

Die enigste manier waarop Jesus die opponerende werk van Satan kon vernietig en God se heerskappy kon bevestig was deur die werk van Satan tot niet te kom maak! **Hy moes Satan kom oorwin en dit het Jesus aan die kruis gedoen toe Hy daar betaal vir die mens se sonde en so die werk van Satan tot niet kom maak het! Nou is ons skuld betaal en ons is vry van die mag van Satan.**

Dis waarom daar op Jesus se kruis gestaan het: Die koning van die Jode! Maar Hy is nie net die koning van die Jode nie, Hy is koning van die heelal! Daarom staan Hy op uit die dood en Hy lewe want die dood is ook die simbool van die opponerende mag van die Satan en Christus het Hom oorwin! **As bewys daarvan vaar ons Here Jesus op na die hemel waar Hy aan die regter van God sit en regeer! Want Hy is koning van die wêreld.**

En die genadewonder is: Hy het ons deel van sy koninkryk gemaak! Ek en jy en elkeen wat in Hom glo, is die goeie saad van die koninkryk! Die goeie saad wat deur Christus in hierdie wêreld gesaai word! Hy maak ons deel van sy koninkryk! 'n Koninkryk sonder grense – 'n koninkryk wat oor alles en almal en vir ewig strek!

Geliefdes, Wat ’n wonderlike genade het God nie aan ons bewys nie. Dat ons Here Jesus ook in ons lewe die mag van Satan verbreek het en ons as goeie saad in hierdie wêreld gesaai het! Dat ons nou onder die heerlike heerskappy van Jesus kan leef!

Ons kan ons burgerskap van God se koninkryk nou so voorstel: wys skyfie 3! Dit is die genade wat God aan ons bewys het! Jesus maak ons deel van hierdie heerlike, alomvattende en ewige regering van God!

Geliefdes, wanneer die Here Jesus ons dan vanmore burgers van sy koninkryk noem, “die goeie saad” wat Hy gesaai het, dan het dit in die **tweede plek, geweldige implikasies vir my en jou lewe! Ons kry ’n geweldige verantwoordelikheid saam met die genade-voorreg!**

Hoekom het Jesus ons as “goeie saad” gesaai in hierdie wêreld? Hoe wil Hy ons gebruik? Die Here wil dat ons hier in hierdie wêreld saam met die slegte saad moet groei! Ons moet die invloed van Satan en sy bose magte teëwerk met die goeie! Daarom dat die Boer in die gelykenis vir sy werkers sê om nie nou al die onkruid uit te trek nie! Die koring moet saam met die onkruid bly staan!

Die Here wil ons op baie maniere gebruik om die Satan tee te staan maar ons kyk nou net na vier maniere:

Eerstens: Hy wil dat mense Sy koningskap oor ons lewe duidelik sien deur ons gehoorsaamheid! Br en sr , as Jesus Christus my Koning is, dan buig ek gehoorsaam voor sy Woord as die enigste gesag in my lewe. Ek luister gehoorsaam na my Koning en ek is ’n getroue navolger! Wanneer Hy sê “nee” dan is dit “nee” in my lewe en sy “ja” is ook my “ja!” Wanneer die wêreld sulke onvoorwaardelike gehoorsaam aan Christus by ons sien – dan sal hulle weet ons is burgers van sy koninkryk!

En daarom moet ons nou vra: Is dit so in ons lewe? Is God “nee” ons “nee” en God se “ja” ons “ja”? Wanneer ons besluite moet neem: luister ek na die Woord van my koning al is dit teen my eie wil of al kos dit my baie opoffering? Of luister ek eerder vir myself of wat ander mense sê? Doen ons nie dikwels maar meer soos die wêreld dinge doen nie?

Paulus sê in Fil. 3: 17 - 20 “ [17]Wees my navolgers, broers, en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel. [18]Ek het dikwels vir julle gesê en tot my verdriet moet ek dit nou herhaal: Daar is baie wat as vyande van die kruis van Christus lewe. [19]Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is **aardsgesind.** **[20]Maar ons is burgers van die hemel**, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.” Liewe br. en srs en liewe kinders - ons leef anders want ons doen eenvoudig wat die Here in sy Woord vir ons sê.

Die <u>tweede manier w</u>aarop ons goeie saad is, is wanneer ons die saad van die Woord saai! Dat ons die boodskap van Jesus se heerskappy en oorwinning oor Satan aan die mense van hierdie wêreld bekend maak – onthou – julle verlede week se begrip "apostels". Goeie saad saai die saad van die Woord!

Jesus se regering oor ons lewe word sigbaar wanneer ons die werke van die bose aan die lig stel! Wanneer ons mense wys op en waarsku teen die opponerende en verwoestende werk van die Satan! Praat ons oor dit wat verkeerd en sondig is in ons wêreld en staan ons op vir die waarheid! Of swyg ons?

Maar, brs en srs, opponeer nie die werke van die bose deur ongelowige mense of mense wat nie die wil van God doen, te veroordeel nie! Jesus sê baie duidelik : Hy sal aan die einde self die oordeel kom fel oor hulle wat nie aan sy Woord gehoorsaam was nie! Ons taak is nie om te veroordeel nie, maar om mense in liefde te waarsku teen die werk van Satan en hulle van Jesus se genade te vertel! Nie om uit die hoogte te veroordeel nie! So is ons goeie saad!

Die <u>derde wyse</u> waarop Jesus sy regering oor ons lewe laat sien is deurdat ons deur die Heilige Gees die genade van God ontvang om met ʼn heerlike toekomsverwagting te leef van Jesus wat ʼn einde aan die bose gaan maak! Ons laat ons nie deur die bose van stryk bring nie! Ons leef reeds vanuit die oorwinning van Jesus en ons beleef reeds die krag van sy koninkryk in ons eie lewe!

Ons ervaar hoe die Here ons dra en ons deur die lewe lei met sy krag – selfs ook as ons moet swaarkry en lyding verduur! Want dit is deel van die lewe in die koninkryk van God! Die onkruid bring lyding maar deur die krag van die Gees hou ons Koning ons vas en ons hou ons oë op Hom! Want Hy kom weer en Hy sal die bose vir ewig wegneem! Dan sal daar geen donker meer wees nie – Jesus sê ons sal dan in die koninkryk van God skitter soos die son! Daarop is ons oë gevestig en daarom hou ons moed en leef ons met ʼn heerlike wag op sy terugkoms!

Hoe sien die mense dan Jesus se heerskappy in ons as die goeie saad? Hulle sien ons gee nie moed op nie! Hulle sien dat ons volhard al gaan dit swaar! Hulle sien dat ons altyd hoop het in die slegste omstandighede want ons kyk verby die onkruid, verby Satan en sy bose werk en ons sien Jesus as die Oorwinnaar!

Die laaste manier waarop Jesus se heerskappy oor ons lewe te midde van ongelowige mense sigbaar sal word is omdat ons voortdurend bid! Bid dat die koninkryk in sy volheid mag kom! Soos Jesus ons in die Ons Vader gebed geleer het. Goeie saad is biddende koninkryksburgers! <u>Mense moet ons aan ons gebedslewe ken!</u>

Dat ons voortdurend bid dat Jesus se verlossende en heerlike heerskappy oor die mense van hierdie wêreld sal aanbreek, dat meer en meer mense burgers van sy ryk word en meer mense in die krag van die Heilige Gees die Satan teenstaan! Dat die goeie saad ook die

wapenrusting van God opneem en die stryd teen die bose stry! Dat ons met vaste hoop bly bid dat die finale oorwinning sal aanbreek!

Geliefdes, die Here sê vanmore vir jou: Christus het jou as goeie saad in die wêreld gesaai! Sien julle dus wat dit beteken as ons onsself “burgers van die koninkryk noem? Net soos die name ‘dissipels” en “apostels” is “burgers” ’n naam in beweging! Daar is groei – want hulle is die goeie saad van Jesus in hierdie wêreld!
Daarom br. en sr: laat Jesus se koningskap oor jou lewe duidelik sigbaar word te midde van ’n bose wêreld!

Wees goeie saad! Luister na jou Here! Saai sy Woord! Staan die bose teë en bring Satan se werk aan die lig deur die liefde van Jesus! Leef elke dag met die sekerheid van die oorwinning in jou hart en bid dat die Koninkryk van God ten volle mag kom!
So sal mense sien Jesus is jou Koning!

Amen

Kom ons antwoord nou biddend deur Sb 10-1: 1, 2 (Tweede mel van Ps. 50) saam te sing.
Staan op en sing biddend!